# Gebedsbulletin
# No. 03 van 2026

## 18 Januarie 2026

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Geloof gebeur só in 2026

- Sê vanjaar meer dankie en vra minder wanneer jy bid. Loof en dank God meer. Kla minder.
- Skuif vanjaar jou manier van kyk. Sien God se goedheid heel eerste in ander mense raak, nie dit wat hulle verkeerd doen nie. Moenie 'n voltydse foutvinder wees nie. Wees eerste 'n genade-raaksiener. Sien eerste raak hoe God Sy kinders verander om Sy heerlikheid te weerspieël (2 Korintiërs 3:18). Sê ook heel eerste vir Hom dankie vir die geloofsgroei wat jy in hulle lewe opmerk (1 Tessalonisense 1:2-10).
- Dien vanjaar meer en dreig minder. Doen elke dag goed aan iemand. Moenie dreig nie, doen dit net. Moenie uitstel tot môre nie, doen dit vandag nog, soos wat Spreuke 3:27-28 jou leer. Moenie mense wegstuur met leë hande terwyl dit binne jou vermoë is om hulle vandag reeds te help nie.
- Laai vanjaar opbouende taal op jou tong (Efesiërs 4:29). Laat jou woorde altyd sag wees. Laat dit soos water wees vir die vuur (Spreuke 15:1). Moenie in twisgesprekke betrokke raak nie (2 Timoteus 3:24). Moenie met dwase stry nie, maar moenie toelaat dat boelies en bullebakke sê net wat hulle wil nie. Spreek hulle ferm aan, wanneer nodig (Spreuke 26:4-5).

Tree vanjaar in die bres vir mense in nood. Bevriend God se vriende. Ek bedoel daardie vriende na wie Hy verwys in Psalm 146. Hy ontferm Hom hier oor verdruktes, hongeriges, gevangenes, blindes, terneergedruktes, vreemdelinge, weduwees, weeskinders en regverdiges. Doen dieselfde. Dan doen jy jou geloof reg.

***deur* Stephan Joubert**

## Gemeente – Algemeen

-Bid vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

**Lottie Conradie**
**Janine Vorster**
**Johnny Viviers•**
**Annie Brink**
**Leonie Kruger**
**Jillian Jansen**
**Spokie Vorster**
**Juanita Rossouw**
**Marcel Holtzhausen**
**Oom Piet Pretorius**
**Hettie Singleton**
**Jaap Naudé**
**Suzette Claes**
**Rina Roos**
**WP Britz**
**Marinda Jordaan**

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan 'n houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN







*Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .*
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

## *VOORSPOEDIGE 2026*

Ons wens elkeen in die gemeente 'n voorspoedige, geseënde 2026 toe! Mag dit 'n jaar vol vreugde, liefde en oorvloed wees. ✨ 🙏

***Deut.: 11:12***
Van nuwe jaarsdag tot oujaarsdag waak die HERE oor ons!!

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in